



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 3539

REGULASIEKOERANT No. 3539

PRICE (GST included) 30c PRYS (AVB ingesluit)

Registered at the Post Office as a Newspaper

ABROAD 40c BUITELANDS

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

POST FREE · POSVRY

Vol. 211

PRETORIA, 28 JANUARY 1983
JANUARIE

No. 8531

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF AGRICULTURE

No. R. 133

28 January 1983

PROHIBITION OF THE SALE OF LEMONS

In terms of section 79 (b) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, hereby make known that the Citrus Board, referred to in section 6 of the Citrus Scheme, published by Proclamation R. 2 of 1979, as amended, has in terms of section 33 of the said Scheme, with my approval, imposed the prohibition set out in the Schedule hereto.

J. J. G. WENTZEL, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Citrus Scheme, published by Proclamation R. 2 of 1979, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

“Meyer lemons” means lemons of the variety Meyer; and

“rough lemons” means the fruit of the plant *Citrus Jambhiri Lushington*.”

2. Subject to the provisions of a prohibition under section 44 of the said Scheme, and any exemption granted in terms of section 33 (2) of that Scheme, no producer shall sell lemons (excluding rough lemons and Meyer lemons) except through the Board.

3. This notice shall come into operation on 31 January 1983.

No. R. 134

28 January 1983

**ANIMAL DISEASES AND PARASITES ACT, 1956
(ACT 13 OF 1956)**

**AMENDMENT OF THE STANDING REGULATIONS
RELATING TO ANIMAL DISEASES AND PARASITES:
RABIES**

The Deputy Minister of Agriculture, acting on behalf of the Minister of Agriculture, has made the following regulation under section 27 (1) of the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act 13 of 1956):

408—A

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDBOU

No. R. 133

28 Januarie 1983

VERBOD OP DIE VERKOOP VAN SUURLEMOENE

Kragtens artikel 79 (b) van die Bemerkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Sitrusraad, genoem in artikel 6 van die Sitruskema, afgekondig by Proklamasie R. 2 van 1979, soos gewysig, kragtens artikel 33 van genoemde Skema, met my goedkeuring, die verbodsbepaling in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het.

J. J. G. WENTZEL, Minister van Landbou.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord om uitdrukking waaraan in die Sitruskema, afgekondig by Proklamasie R. 2 van 1979, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

“growweskiisuurlemoene” die vrugte van die plant *Citrus Jambhiri Lushington*; en

“Meyersuurlemoene” suurlemoene van die variëteit Meyer.

2. Behoudens die bepalings van 'n verbod kragtens artikel 44 van genoemde Skema en 'n vrystelling verleen ingevolge die bepalings van artikel 33 (2) van daardie Skema, mag geen produsent suurlemoene (behalwe growweskiil- en Meyersuurlemoene) anders as deur bemiddeling van die Raad verkoop nie.

3. Hierdie kennisgewing tree in werking op 31 Januarie 1983.

No. R. 134

28 Januarie 1983

**WET OP DIERESIEKTES EN -PARASIETE, 1956
(WET 13 VAN 1956)**

**WYSIGING VAN DIE VASTE REGULASIES BETREFFENDE
DIERESIEKTES EN -PARASIETE:
HONDSDOLHEID**

Die Adjunk-minister van Landbou, handelende namens die Minister van Landbou, het die volgende regulasie kragtens artikel 27 (1) van die Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956 (Wet 13 van 1956), uitgevaardig:

8531—1

*Amendment of regulation 15 of Part IX of the
Standing Regulations*

The Standing Regulations relating to Animal Diseases and Parasites, published by Government Notice R. 1531 of 4 October 1963, as corrected by Government Notice R. 552 of 10 April 1964, and amended by Government Notices R. 428 of 26 March 1965, R. 1688 of 29 October 1965, R. 957 of 24 June 1966, R. 702 of 26 April 1968, R. 1116 of 28 June 1968, R. 1327 of 2 August 1968, R. 55 of 17 January 1969, R. 947 of 13 June 1969, R. 532 of 24 April 1971, R. 858 of 28 May 1971, R. 442 of 7 March 1975, 1389 of 25 July 1975, R. 2028 of 14 September 1979, R. 1684 of 15 August 1980, R. 1471 of 17 July 1981 and R. 1222 of 25 June 1982, is hereby further amended by substituting the following paragraph for paragraph (a) of subregulation (3) of regulation 15 of Part IX:

“(a) a dog or cat older than three months which is vaccinated for the first time or of which the certificate of vaccination has lapsed as contemplated in this subregulation shall be valid for 11 months from 30 days of the date on which the dog or cat concerned was vaccinated; or”.

No. R. 136

28 January 1983

SOIL CONSERVATION ACT, 1969 (ACT 76 OF 1969)

APPLICATION OF THE PROVISIONS OF THE ACT TO CERTAIN LAND SITUATED IN THE URBAN AREA OF VANWYKSDORP, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

I, Gert Jeremias Kotzé, Deputy Minister of Agriculture, hereby declare on behalf of the Minister of Agriculture, under section 26 (2) of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), the provisions of the said Act applicable to the land specified in the Schedule, and which is situated in the urban area of Vanwyksdorp, Province of the Cape of Good Hope.

G. J. KOTZÉ, Deputy Minister of Agriculture.

SCHEDULE

The land defined in Proclamation 535 of 1897, of the Governor of the Colony of the Cape of Good Hope, excluding the area situated within the following boundary description—

Beginning at the northernmost beacon of Portion 66 of the farm Buffelfontein 229, Administrative District of Ladismith; thence south-westwards along the boundaries of the following properties so as to exclude them from this area: The said Portion 66, Portion 144, 78, 79, 40, 139, 3, 8 and 4 of the said farm Buffelfontein 229, and Erf 115 Vanwyksdorp to the northernmost beacon of the said Portion 66, the point of beginning.

No. R. 166

28 January 1983

**LEVY AND SPECIAL LEVY
ON KARAKUL PELTS**

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, hereby make known that the Karakul Board, referred to in section 3 of the Karakul Scheme, published by Proclamation R. 172 of 1968, as amended, has in terms of section 15 of the said Scheme, with my approval, imposed the levy and special levy as set out in the Schedule hereto, in substitution of the levy and special levy published by Government Notice R. 1872 of 3 September 1982.

J. J. G. WENTZEL, Minister of Agriculture.

*Wysiging van regulasie 15 van Deel IX van die
Vaste Regulasies*

Die Vaste Regulasies betreffende Dieresiektes en -parasiete, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1531 van 4 Oktober 1963, soos verbeter by Goewermentskennisgewing R. 552 van 10 April 1964, en gewysig deur Goewermentskennisgewings R. 428 van 26 Maart 1965, R. 1688 van 29 Oktober 1965, R. 957 van 24 Junie 1966, R. 702 van 26 April 1968, R. 1116 van 28 Junie 1968, R. 1327 van 2 Augustus 1968, R. 55 van 17 Januarie 1969, R. 947 van 13 Junie 1969, R. 532 van 24 April 1971, R. 858 van 28 Mei 1971, R. 442 van 7 Maart 1975, 1389 van 25 Julie 1975, R. 2028 van 14 September 1979, R. 1684 van 15 Augustus 1980, R. 1471 van 17 Julie 1981, en R. 1222 van 25 Junie 1982, word hierby verder gewysig deur paragraaf (a) van subregulasie (3) van regulasie 15 van Deel IX deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) ’n hond of ’n kat ouer as drie maande wat vir die eerste keer ingeënt word of waarvan die sertifikaat van inenting, soos in hierdie subregulasie beoog, verval het, is geldig vir 11 maande vanaf 30 dae na die datum waarop die betrokke hond of kat ingeënt is; of”.

No. R. 136

28 Januarie 1983

GRONDBEWARINGSWET, 1969 (WET 76 VAN 1969)

TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP SEKERE GROND GELEË IN DIE STADSGBIED VAN VANWYKSDORP, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Ek, Gert Jeremias Kotzé, Adjunk-minister van Landbou, verklaar hiermee namens die Minister van Landbou, kragtens artikel 26 (2) van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), die bepalings van genoemde Wet van toepassing op die grond in die Bylae omskryf, en wat in die stadsgebied van Vanwyksdorp, provinsie die Kaap die Goeie Hoop, geleë is.

G. J. KOTZÉ, Adjunk-minister van Landbou.

BYLAE

Die grond omskryf in Proklamasie 535 van 1897, van die Goeweneur van die Kolonie die Kaap die Goeie Hoop, uitgesonderd die gebied geleë binne die onderstaande grensomskrywing:

Begin by die noordelikste baken van Gedeelte 66 van die plaas Buffelfontein 229, administratiewe distrik Ladismith; daarvandaan suidweswaarts met die grense van die volgende eiendomme langs sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word: Genoemde Gedeelte 66, Gedeeltes 144, 78, 79, 40, 139, 3, 8 en 4 van die genoemde plaas Buffelfontein 229 en Erf 115 Vanwyksdorp tot die noordelikste baken van genoemde Gedeelte 66, die beginpunt.

No. R. 166

28 Januarie 1983

**HEFFING EN SPESIALE HEFFING
OP KARAKOELPELSE**

Ingevolge artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), maak ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Karakoelraad, vermeld in artikel 3 van die Karakoelskema, afgekondig by Proklamasie R. 172 van 1968, soos gewysig, kragtens artikel 15 van daardie skema, met my goedkeuring, die heffing en spesiale heffing soos in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het ter vervanging van die heffing en spesiale heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1872 van 3 September 1982.

J. J. G. WENTZEL, Minister van Landbou.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Karakul Scheme, published by Proclamation R. 172 of 1968, as amended, shall have a corresponding meaning.
2. A levy of 4,50c per pelt and a special levy of 73,50c per pelt are hereby imposed on each karakul pelt which—
 - (a) is exported from the controlled area, excluding karakul pelts previously imported into the controlled area for processing or in respect of which such levy and special levy have previously been paid by a processor;
 - (b) is processed by a processor in the controlled area, excluding karakul pelts imported into the controlled area for processing and re-exportation from the controlled area or which has previously been exported from the controlled area; and
 - (c) is imported into the controlled area, excluding karakul pelts so imported for processing and re-exportation from the controlled area or which have previously been exported from the controlled area.
3. This notice shall come into operation on the date of publication thereof and repeals Government Notice R. 1872 of 3 September 1982 with effect from the same date.

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

No. R. 178

28 January 1983

LAND SURVEY ACT, 1927

AMENDMENT OF REGULATIONS

The Survey Regulations Board has, in terms of section 6 and 7 of the Land Survey Act, 1927 (Act 9 of 1927), and with the approval of the State President, made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In these regulations "the Regulations" means the regulations published under Government Notice R. 1814, of 2 November 1962, as amended by Government Notices R. 1395 of 11 September 1964, R. 533 of 21 April 1967, R. 1033 of 20 June 1969, R. 1126 of 4 July 1969, R. 2008 of 20 November 1970, R. 959 of 9 June 1972, R. 1804 of 13 October 1972, R. 2320 of 13 December 1974, R. 844 of 20 May 1977, R. 1817 of 24 August 1979, R. 1445 of 10 July 1981 and R. 2562 of 27 November 1981.
2. The Regulations are hereby amended by the substitution for paragraph (j) of regulation 2 of the following paragraph:

"(j) 'metre' means the unit of length as defined in Table 1 of the First Schedule to Government Notice R. 1146 of 5 July 1974 published in terms of section 3 of the Measuring Units and National Measuring Standards Act, 1973 (Act 76 of 1973)."
3. Regulation 17 of the Regulations is hereby amended by the substitution for the word "established" where it occurs in subregulations 1 (a) (twice) and (b) and 2 (a) of the words "lawfully established".

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Karakoelskema afgekondig by Proklamasie R. 172 van 1968, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.
2. Hierby word 'n heffing van 4,50c per pels en 'n spesiale heffing van 73,50c per pels opgelê op elke karakoelpels wat—
 - (a) uit 'n beheerde gebied uitgevoer word, uitgesonderd karakoelpelse wat voorheen in die beheerde gebied ingevoer is vir verwerking of ten opsigte waarvan sodanige heffing en spesiale heffing voorheen deur 'n verwerker betaal is;
 - (b) in die beheerde gebied deur 'n verwerker verwerk word, uitgesonderd karakoelpelse wat in die beheerde gebied ingevoer is vir verwerking en heruitvoer uit die beheerde gebied of wat voorheen uit die beheerde gebied uitgevoer is; en
 - (c) in die beheerde gebied ingevoer word, uitgesonderd karakoelpelse wat aldus ingevoer word vir verwerking en heruitvoer uit die beheerde gebied of wat voorheen uit die beheerde gebied uitgevoer is.
3. Hierdie kennisgewing tree in werking op die datum van publikasie daarvan en herroep Goewermmentskennisgewing R. 1872 van 3 September 1982 met ingang vanaf dieselfde datum.

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING

No. R. 178

28 Januarie 1983

OPMETINGSWET, 1927

WYSIGING VAN REGULASIES

Die Opmetingsregulasieraad het kragtens artikels 6 en 7 van die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927), en met die goedkeuring van die Staatspresident, die regulasies in die Bylae hierby uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie regulasies beteken "die Regulasies" die regulasies uitgevaardig by Goewermmentskennisgewing R. 1814 van 2 November 1962, soos gewysig deur Goewermmentskennisgewings R. 1395 van 11 September 1964, R. 533 van 21 April 1967, R. 1033 van 20 Junie 1969, R. 1126 van 4 Julie 1969, R. 2008 van 20 November 1970, R. 959 van 9 Junie 1972, R. 1804 van 13 Oktober 1972, R. 2320 van 13 Desember 1974, R. 844 van 20 Mei 1977, R. 1817 van 24 Augustus 1979, R. 1445 van 10 Julie 1981 en R. 2562 van 27 November 1981.
2. Die Regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (j) van regulasie 2 deur die volgende paragraaf te vervang:

"(j) 'meter' die lengte-eenheid soos omskryf in Tabel 1 van die Eerste Bylae van Goewermmentskennisgewing R. 1146 van 5 Julie 1974 bekendgemaak ingevolge artikel 3 van die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 (Wet 76 van 1973)."
3. Regulasie 17 van die Regulasies word hierby gewysig deur die woord "gevestigde" waar dit in subregulasies (1) (a) (twee keer) en (b) en (2) (a) voorkom deur die woorde "wettig gevestigde" te vervang.

4. Regulation 23 of the Regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subregulation (1) of the following paragraph:

“(1) (a) In the survey of new townships, extensions to existing townships or the subdivision of an erf, reference marks shall be placed at convenient intervals and in suitable positions and, as a general rule, one such mark shall be placed at each street intersection or other convenient and safe location: Provided that—

- (i) not less than two such marks shall be placed;
- (ii) at least one such mark shall be placed for every 25 erven;
- (iii) in the case of the subdivision of an erf, such reference marks need be placed only if a general plan is required in terms of regulation 53; and
- (iv) the Surveyor-General may in exceptional circumstances relax the requirements of this paragraph.”

5. Regulation 26 of the Regulations is hereby amended by the addition to subregulation (1) of the following proviso:

“(e) a diagram of rural land is framed for the purpose of registration of a single lease in respect of such parts of one parent property.”

6. Regulation 32 of the Regulations is hereby amended by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

“(2) Official beacon designations shall be tabulated on a diagram in a manner determined by the Surveyor-General.”

7. The Regulations are hereby amended by the substitution for regulation 64 of the following regulation:

“64. No survey of State-owned land or survey on behalf of the State shall be undertaken except upon written instructions or authorisation issued by the Surveyor-General: Provided that the provisions of this regulation shall not apply to any survey undertaken on behalf of the South African Transport Services.”

8. The Regulations are hereby amended by the substitution for Annexure A of the following Annexure:

“ANNEXURE A

(Referred to in regulation 67)

DIVISION OF TARIFF

1. Basic area charge.
2. Location and replacement of beacons.
3. Official co-ordinate values.
4. Remaining extent.
5. Definition of a given area.
6. Connections.
7. Curvilinear boundaries.
8. Diagrams, endorsements and prints.
9. General plans.
10. Servitudes.
11. Travelling, transport and subsistence.
12. Line clearing.
13. Abnormal circumstances.
14. Miscellaneous.
15. Survey of urban Black townships and upgrading of general plans for 99-year leasehold registration.

4. Regulasie 23 van die Regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(1) (a) By die opmeet van nuwe dorpe, uitbreidings van bestaande dorpe of die onderverdeling van 'n erf, moet versekeringsmerke op gerieflike afstande en in geskikte posisies geplaas word, en oor die algemeen moet een sodanige merk by elke straatkruising of ander gerieflike en veilige ligging geplaas word: Met dien verstande dat—

- (i) minstens twee sodanige versekeringsmerke geplaas moet word;
- (ii) minstens een sodanige versekeringsmerk vir elke 25 erwe geplaas moet word;
- (iii) in die geval van die onderverdeling van 'n erf, sodanige versekeringsmerke alleenlik geplaas moet word wanneer 'n algemene plan ingevolge regulasie 53 vereis word; en
- (iv) die Landmeter-generaal in uitsonderlike omstandighede die vereistes van hierdie paragraaf kan verslap.”

5. Regulasie 26 van die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subregulasie (1) te voeg:

“(e) 'n kaart van plaasgrond vervaardig word met die doel om 'n enkele huurpag ten opsigte van sodanige dele van een moedereiendom te registreer.”

6. Regulasie 32 van die Regulasies word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(2) Amptelike bakenbenamings moet op 'n kaart getabelleer word soos deur die Landmeter-generaal bepaal.”

7. Die Regulasies word hierby gewysig deur regulasie 64 deur die volgende regulasie te vervang:

“64. Geen opmeting van Staatsgrond of opmeting namens die Staat, mag sonder die skriftelike opdrag of magtiging van die Landmeter-generaal onderneem word nie: Met dien verstande dat die bepalinge van hierdie regulasie nie op erige opmeting wat namens die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste onderneem word, van toepassing is nie.”

8. Die Regulasies word hierby gewysig deur Aanhangel A deur die volgende Aanhangel te vervang:

“AANHANGSEL A

(In regulasie 67 vermeld)

INDELING VAN TARIEF

1. Basiese groottevordering.
2. Opsporing en herplasing van bakens.
3. Amptelike koördinaatwaardes.
4. Resterende gedeelte.
5. Bepaling van gegewe grootte.
6. Konneksies.
7. Kromlynige grense.
8. Kaarte, endossemente en afdrucke.
9. Algemene planne.
10. Serwitute.
11. Reis-, vervoer- en verblyfkoste.
12. Oopmaak van lyne.
13. Abnormale omstandighede.
14. Allerlei.
15. Opmeting van stedelike Swart dorpe en opgradering van algemene planne vir registrasie van 'n 99-jaarhuurpag.

TARIFF OF FEES

1. Basic area charge

The fees for the survey of one or more pieces of land included in the same survey, surveyed at the same time and having not more than six boundaries, shall be as prescribed below in either Table A or Table B and the charge per piece for any number of pieces not specified in Table A shall be derived proportionally from the tabulated charges to the nearest R1:

TARIEF VAN GELDE

1. Basiese grootte vordering

Die gelde vir die opmeet van een of meer stukke grond wat in dieselfde opmeting ingesluit en gelyktydig opgemeet is en nie meer as ses grense het nie, word in Tabel A of Tabel B hieronder voorgeskryf, en die vordering per stuk vir enige getal stukke wat nie in Tabel A aangegee is nie, moet tot die naaste R1 proporsioneel van die getabelleerde vordering afgelei word:

TABLE A

Total number of pieces	Charge for each piece of land: Areas				
	300 m ² and less	301 to 450 m ²	451 to 1 500 m ²	1 501 to 4 000 m ²	4 001 m ² to 2 ha
	R	R	R	R	R
1	331	346	390	426	452
2	222	236	277	294	315
3	179	194	229	246	265
4	155	170	201	213	229
5	138	153	184	194	208
10	121	133	156	170	182
20	105	115	141	153	167
50	78	86	128	141	153
100	70	79	127	138	150
250	63	72	124	137	148
500 and over	52	63	122	136	145

TABLE B

Area in hectares	Charge for each piece of land						Charge for every piece over
	Number of pieces for each of—						
	one	two	three	four	five	six	
	R	R	R	R	R	R	R
Over 2 to 5	488	350	289	252	230	224	6-224
Over 5 to 10.....	500	363	309	271	251	245	6-245
Over 10 to 25	515	414	363	325	304	299	6-299
Over 25 to 50	561	461	397	360	338	328	6-328
Over 50 to 100.....	633	532	467	429	407	396	6-396
Over 100 to 200	737	615	551	504	—	—	4-504
Over 200 to 300	791	660	584	538	—	—	4-538
Over 300 to 500	886	719	644	582	—	—	4-582
Over 500 to 750	946	768	682	622	—	—	4-622
Over 750 to 1 000.....	1 005	828	737	677	—	—	4-677
Over 1 000 to 1 500	1 064	886	—	—	—	—	2-886
Over 1 500 to 2 000	1 122	946	—	—	—	—	2-946
Over 2 000 to 3 000	1 183	992	—	—	—	—	2-992
Over 3 000 to 5 000	1 242	1 028	—	—	—	—	2-1 028
Over 5 000 to 7 500	1 346	1 111	—	—	—	—	1-1 111
Over 7 500 to 10 000.....	1 449	1 197	—	—	—	—	2-1 197

TABEL A

Totale getal stukke	Vordering vir elke stuk grond: Groottes				
	300 m ² en minder	301 tot 450 m ²	451 tot 1 500 m ²	1 501 tot 4 000 m ²	4 001 m ² tot 2 ha
	R	R	R	R	R
1	331	346	390	426	452
2	222	236	277	294	315
3	179	194	229	246	265
4	155	170	201	213	229
5	138	153	184	194	208
10	121	133	156	170	182
20	105	115	141	153	167
50	78	86	128	141	153
100	70	79	127	138	150
250	63	72	124	137	148
500 en meer	52	63	122	136	145

TABEL B

Grootte in hektaar	Vordering vir elke stuk grond						Vordering vir elke stuk meer as
	Getal stukke vir elk van—						
	een	twee	drie	vier	vyf	ses	
	R	R	R	R	R	R	R
Meer as 2 tot 5	488	350	289	252	230	224	6-224
Meer as 5 tot 10	500	363	309	271	251	245	6-245
Meer as 10 tot 25	515	414	363	325	304	299	6-299
Meer as 25 tot 50	561	461	397	360	338	328	6-328
Meer as 50 tot 100	633	532	467	429	407	396	6-396
Meer as 100 tot 200	737	615	551	504	—	—	4-504
Meer as 200 tot 300	791	660	584	538	—	—	4-538
Meer as 300 tot 500	886	719	644	582	—	—	4-582
Meer as 500 tot 750	946	768	682	622	—	—	4-622
Meer as 750 tot 1 000	1 005	828	737	677	—	—	4-677
Meer as 1 000 tot 1 500	1 064	886	—	—	—	—	2-886
Meer as 1 500 tot 2 000	1 122	946	—	—	—	—	2-946
Meer as 2 000 tot 3 000	1 183	992	—	—	—	—	2-992
Meer as 3 000 tot 5 000	1 242	1 028	—	—	—	—	2-1 028
Meer as 5 000 tot 7 500	1 346	1 111	—	—	—	—	1-1 111
Meer as 7 500 tot 10 000	1 449	1 197	—	—	—	—	2-1 197

Provided that—

(1) for the survey of any piece of land the area of which exceeds 10 000 hectares, the charge prescribed in Table B shall be increased by R53 for every additional 1 000 hectares or part thereof;

(2) the basic area charge shall include the cost of—

(a) supplying survey records in terms of the Regulations;

(b) a reasonable amount of additional computation to verify the positions of the beacons of the land under survey;

(c) preparing and supplying all such reports and certificates as may be required or prescribed in terms of the Act and the Regulations;

(d) preparing, lodging with the Surveyor-General, and supplying diagrams and general plans in such form and number as may be required or prescribed for registration: Provided further that when a general plan consists of 10 or fewer figures a charge for such general plan shall be made in terms of paragraph 9;

(e) except as provided elsewhere in this Tariff, supplying and erecting new beacons and permanently marking main survey stations;

(f) preparing and supplying any agreement regarding beacons as may be required, but shall not include obtaining the signature of landowners on such agreement;

(g) locating and verifying existing beacons, stations and reference marks where such beacons, stations and reference marks have not been destroyed, obliterated or covered;

(h) basing the survey on trigonometrical stations and reference marks;

(i) determining topographical features as prescribed in regulation 16;

(j) testing the alignment of existing beacons when terminals do not have to be fixed, but excluding replacing beacons on line;

(k) placing new beacons on an existing boundary;

(l) pointing out beacons and boundaries in the course of the field work;

(m) transport in the course of the field work;

(n) supplying normal labour;

Met dien verstande dat—

(1) vir die opmeet van enige stuk grond waarvan die grootte meer as 10 000 hektaar is, die vordering wat in Tabel B voorgeskryf word met R53 verhoog moet word vir elke bykomende 1 000 hektaar of deel daarvan;

(2) die basiese grootte vordering die koste van die volgende insluit:

(a) Die verskaffing van meetstukke ingevolge die bepalings van die Regulasies;

(b) 'n redelike hoeveelheid bykomende berekening om die posisies van die bakens van die grond wat opgemeet word, te toets;

(c) die opstel en verskaffing van alle verslae en sertifikate wat nodig is of voorgeskryf is ingevolge die Wet en die Regulasies;

(d) die vervaardiging, indiening by die Landmeter-generaal en verskaffing van kaarte en algemene planne in sodanige vorm en getal as wat nodig is of vir registrasie voorgeskryf word: Met dien verstande voorts dat wanneer 'n algemene plan uit 10 of minder figure bestaan 'n vordering vir sodanige algemene plan ooreenkomstig paragraaf 9 gehef word;

(e) behoudens andersluidende bepalings van hierdie Tarief, die verskaffing en oprigting van nuwe bakens en die permanente merk van hoofmeetpunte;

(f) die opstel en verskaffing van 'n bakenooreenkoms waar nodig, maar dit sluit nie die verkryging van grondeienaars se handtekening op sodanige ooreenkoms in nie;

(g) die opspoor en toetsing van bestaande bakens, meetpunte en versekeringsmerke waar sodanige bakens, meetpunte en versekeringsmerke nie vernietig, uitgewis of bedek is nie;

(h) die basering van die opmeting op peilbakens en versekeringsmerke;

(i) die vasstelling van topografiese kenmerke soos voorgeskryf in regulasie 16;

(j) die toets van die inlynstelling van bestaande bakens wanneer die eindpunte nie vasgestel hoef te word nie, maar uitgesonderd die herplasing van bakens op lyn;

(k) die plasing van nuwe bakens op 'n bestaande grens;

(l) die uitwys van bakens en grense in die loop van die werk in die veld;

(m) vervoer tydens werk in die veld;

(n) die verskaffing van normale arbeid;

(o) reasonable time devoted to receiving and perusing instructions for the survey;

(3) for each piece of land of two hectares or less which is a regular figure, the area charge as prescribed in Table A shall be reduced by 10 per cent for those regular figures exceeding 10 in number: Provided further that the 10 regular figures exempted shall be the smallest regular figures;

(4) when diagrams are not required for registration, no reduction in the basic area charge shall be made for this reason only;

(5) (i) when it is necessary to embed the centre mark of a beacon in concrete, as prescribed, an additional charge of R16 per beacon shall be made;

(ii) when a beacon is placed in accordance with the first paragraph of regulation 18 (1) (c), a charge of R13 for every such beacon shall be made and when the beacon is placed in accordance with the second paragraph of the said regulation the charge shall be R33;

(iii) when witness marks are placed in terms of regulation 18 (2A), a charge of R5 per witness mark shall be made;

(6) in the survey of pieces of land of varying areas, the charge for an individual piece shall be derived from its area at a rate which would be applicable if all the pieces were of the same size: Provided further that when two or more pieces of land are being surveyed and one or more of such pieces of land is greater than and one or more is smaller than two hectares, the charge for one of the larger or largest areas shall be made in accordance with the first column of Table B;

(7) for each servitude endorsement on a set of diagrams or general plans, a charge of R7 shall be made;

(8) for each component clause of a set of consolidated diagrams prepared by a land surveyor, a charge of R7 shall be made;

(9) when a number of properties represented on separate diagrams are surveyed for subdivisional or servitude purposes, an additional charge of R33 shall be made for the second and each subsequent property so surveyed;

(10) (a) for the survey of additional boundaries exceeding six in number, the charge prescribed in Table A or Table B shall be increased by 10 per cent for each of 10 such additional boundaries and thereafter by 5 per cent for any further such boundaries;

(b) the line joining an unbeaconed point with an indicator beacon shall not be deemed to be a boundary for the purpose of this Tariff of Fees;

(11) in the survey of more than one piece of land in a township, the fees prescribed in Tables A and B shall be increased by 25 per cent for any piece of land exceeding 4 000 square metres in area which is entirely surrounded by roads and is not subdivided into erven;

(12) except as provided in paragraphs 4 and 10 of this Tariff, no charge shall be made for the survey of any road area for which registration as a separate property is not required and which is created in the survey of one or more pieces of land;

(13) no charge shall be made for the survey of the outside figure represented on a general plan, unless a diagram of such figure is required for registration, and that when such diagram is prepared a charge shall be made for the outside figure as a separate survey.

(o) redelike tyd bestee aan die ontvangs en bestudering van opmetingsinstruksies;

(3) vir elke stuk grond wat 'n reëlmatige figuur is en waarvan die grootte twee hektaar of minder is, die groottevoordering soos in Tabel A voorgeskryf, met 10 persent verlaag moet word vir dié reëlmatige figuur wat meer as 10 in getal is: Met dien verstande voorts dat die 10 vrygestelde reëlmatige figuur die kleinste reëlmatige figuur is;

(4) wanneer kaarte nie vir registrasie vereis word nie, die basiese groottevoordering nie om hierdie rede alleen verlaag word nie;

(5) (i) wanneer dit noodsaaklik is dat die bakenpen in beton ingemessel word, soos voorgeskryf, 'n bykomende voordering van R16 per baken gehef word;

(ii) wanneer 'n baken ooreenkomstig die eerste paragraaf van regulasie 18 (1) (c) geplaas word, 'n voordering van R13 vir elke sodanige baken gehef word en wanneer die baken ooreenkomstig die tweede paragraaf van genoemde regulasie geplaas word, die voordering R33 is;

(iii) wanneer aanduidingspenne ingevolge regulasie 18 (2A), geplaas word, 'n voordering van R5 vir elke aanduidingspen gehef word;

(6) in die geval van 'n opmeting van stukke grond van verskillende groottes, die voordering vir 'n enkele stuk afgelei moet word van sy grootte teen 'n tarief wat van toepassing sou wees indien al die stukke van dieselfde grootte was: Met dien verstande voorts dat wanneer twee of meer stukke grond gemeet word en een of meer van sodanige stukke grond groter en een of meer kleiner as twee hektaar is, die voordering vir een van die groter of grootste gedeeltes ooreenkomstig die eerste kolom in Tabel B moet wees;

(7) vir elke serwituutendossement op 'n stel kaarte of algemene planne, 'n voordering van R7 gehef word;

(8) vir elke onderdeelklousule van 'n stel gekonsolideerde kaarte deur 'n landmeter vervaardig, 'n voordering van R7 gehef word;

(9) wanneer 'n aantal eiendomme op verskillende kaarte voorgestel, vir onderverdelings- of serwituutdoel-eindes opgemeet word, 'n bykomende voordering van R33 gehef word vir die tweede en elke daaropvolgende eiendom wat aldus opgemeet word;

(10) (a) vir die opmeet van bykomende grense van meer as ses in getal, die voordering voorgeskryf in Tabel A of Tabel B met 10 persent verhoog word vir elk van 10 sodanige bykomende grense en daarna met 5 persent vir enige verdere sodanige grense;

(b) die lyn wat 'n ongebakende punt met 'n aanduidingsbaken verbind, nie as 'n grens beskou word vir die doel van hierdie Tarief van Gelde nie;

(11) vir die opmeet van meer as een stuk grond in 'n dorp, die gelde voorgeskryf in Tabelle A en B met 25 persent verhoog word vir 'n stuk grond wat groter is as 4 000 vierkante meter en wat geheel en al deur paaie omring is en wat nie in erwe verdeel is nie;

(12) behoudens die bepalings van paragrafe 4 en 10 van hierdie Tarief, geen voordering gehef word nie vir die opmeet van enige padgebied waarvoor registrasie as 'n aparte eiendom nie vereis word nie en wat tot stand kom by die opmeet van een of meer stukke grond;

(13) geen voordering vir die opmeet van die buitefiguur wat op 'n algemene plan voorgestel word, gehef word nie, tensy 'n kaart van sodanige figuur vir registrasiedoel-eindes nodig is, en dat wanneer sodanige kaart vervaardig word, daar vir die buitefiguur as 'n afsonderlike opmeting gelde gevorder word.

2. Location and replacement of beacons

For the location or replacement of beacons of a property in a township, a charge in terms of either paragraph 14 or Table A of paragraph 1 and paragraph 11 of this Tariff, whichever is less, shall be made: Provided that for such survey of a property where abnormal circumstances beyond the control of the land surveyor are present the charge made in terms of Table A of paragraph 1 of this Tariff may be increased by a maximum of 85 per cent and that no charge in terms of the provisions of paragraph 13 of this Tariff shall be made.

3. Official co-ordinate values

The basic area charge for each piece of land shall be reduced by 5 per cent for each beacon to which an official co-ordinate value has been assigned: Provided that—

(a) no reduction shall be made when it is necessary to redetermine or to verify the position of such beacon;

(b) the total amount by which the charge is reduced shall not exceed 50 per cent.

4. Remaining extent

If it is necessary to survey the remaining extent of a piece of land being subdivided in order to ascertain its area, all charges prescribed in paragraphs 1 and 3 of this Tariff shall apply to the area of such remaining extent as if it were one of the subdivisions.

5. Definition of a given area

The charge for computing the position of and placing a beacon to define a given area shall be 10 per cent of the charge prescribed in Table B: Provided that this charge shall not apply to pieces of land referred to in Table A.

6. Connections

For each of—

(a) the two distances between two suitably situated beacons of the land being subdivided and two beacons of the subdivision referred to in regulation 36 (1); and

(b) the sides referred to in regulation 36 (2) (a) or the distances referred to in regulation 36 (2) (b);

the charges for connections shall be made in accordance with Table C below: Provided that—

(i) no length shall be charged for more than once;

(ii) no charge shall be made if information obtained from a previous survey can be used again;

(iii) the charge shall be made once only when two or more contiguous subdivisions are surveyed at the same time;

(iv) no charge shall be made for connections to terminal beacons, the positions of which can be adopted from previous surveys, or, when in circumstances as prescribed, it is not essential to record connecting data on a diagram.

TABLE C

Metres	R
50 and shorter.....	40
Over 50 to 500.....	80
Over 500 to 1 000.....	120
Over 1 000: R160 plus R4 for every 100 metres or part thereof in excess of 1 000 metres, with a maximum charge of R400.	

2. Opsporing en herplasing van bakens

Vir die opsporing of herplasing van bakens van 'n eiendom in 'n dorp, word 'n vordering gehef kragtens of paragraaf 14 of Tabel A van paragraaf 1 en paragraaf 11 van hierdie Tarief, watter bedrag ook al die kleinste is: Met dien verstande dat vir sodanige opmeting van 'n eiendom waar abnormale omstandighede buite die beheer van die landmeter aanwesig is, die vordering wat kragtens Tabel A van paragraaf 1 van hierdie Tarief gehef word, met hoogstens 85 persent verhoog word en dat geen vordering kragtens die bepaling van paragraaf 13 van hierdie Tarief gehef word nie.

3. Amptelike koördinaatwaardes

Die basiese groottevordering vir elke stuk grond word met 5 persent verminder vir elke baken waaraan 'n amptelike koördinaatwaarde toegeken is: Met dien verstande dat—

(a) geen vermindering gemaak moet word wanneer dit nodig is dat sodanige bakens hervasgestel of die posisie van sodanige bakens getoets moet word nie;

(b) die totale bedrag waarmee die basiese vordering verminder word, nie 50 persent oorskry nie.

4. Resterende gedeelte

Indien dit nodig is om die resterende gedeelte van 'n stuk grond wat onderverdeel word, op te meet ten einde die grootte daarvan te bepaal, is alle vorderings in paragrafe 1 en 3 van hierdie Tarief voorgeskryf, van toepassing op die grootte van sodanige resterende gedeelte as sou dit een van die onderverdelings wees.

5. Bepaling van gegewe grootte

Vir die berekening van die posisie en die plasing van 'n baken om 'n gegewe grootte te bepaal, is die vordering 10 persent van die tarief voorgeskryf in Tabel B: Met dien verstande dat hierdie vordering nie van toepassing is nie op stukke grond in Tabel A vermeld.

6. Konneksies

Vir elk van—

(a) die twee afstande tussen twee geskik geleë bakens van die grond wat onderverdeel word en twee bakens van die onderverdeling in regulasie 36 (1) genoem; en

(b) die sye in regulasie 36 (2) (a) genoem of die afstande in regulasie 36 (2) (b) genoem;

word konneksievorderings volgens Tabel C hieronder gehef: Met dien verstande dat—

(i) daar vir geen afstande meer as een keer 'n vordering gehef word nie;

(ii) geen vordering gehef word as inligting wat uit 'n vorige ompeting verkry is, weer gebruik kan word nie;

(iii) die vordering slegs een keer gehef word wanneer twee of meer aangrensende onderverdelings terselfdertyd opgemeet word;

(iv) geen vordering gehef word vir konneksies na eindpunte waarvan die posisies ontleen kan word aan vorige opmetings nie, of wanneer in omstandighede soos voorgeskryf dit nie noodsaaklik is om konneksiegegewens op 'n kaart aan te bring nie.

TABEL C

Meter	R
50 en korter.....	40
Meer as 50 tot 500.....	80
Meer as 500 tot 1 000.....	120
Meer as 1 000: R160 plus R4 vir elke 100 meter, of deel daarvan, waar dit 1 000 meter oorskry, met 'n vordering van hoogstens R400.	

7. Irregular curvilinear boundaries

(1) For surveying the high-water mark of the sea, a charge of R15 for every 50 metres or part thereof plus an initial charge of R30 for each subdivision abutting on the high-water mark shall be made.

(2) For surveying all other curvilinear boundaries, a charge of R10 for every 50 metres or part thereof plus an initial charge of R30 for each subdivision of the property being surveyed abutting on the curvilinear boundary shall be made: Provided that, when it is necessary to survey both banks of a river in order to determine the middle, the charge shall be R20 for every 50 metres or part thereof plus an initial charge of R30 for each subdivision abutting on the curvilinear boundary.

(3) *Information obtained from previous surveys.*—A land surveyor shall not charge a second time for the survey of a curvilinear boundary if the information obtained in a previous survey can be used: Provided that any work that may be necessary to enable the land surveyor to use such information shall be charged for in accordance with paragraph 14 of this Tariff.

8. Diagrams, endorsements and prints

(1) The following charge shall be made for the preparation of a diagram when no charge has been prescribed therefor elsewhere in this Tariff:

(a) *Diagrams without co-ordinates.*—For a diagram of six sides or less: R20.

For each additional side above six: R1,05.

(b) *Diagrams with co-ordinates.*—For a diagram of six sides or less: R26.

For each additional side above six: R1,40.

(c) *Consolidated diagrams.*—For consolidated diagrams the charges prescribed in subparagraphs (a) and (b) of this paragraph shall apply and an additional charge of R7 shall be made for each component clause of the consolidation:

Provided that a charge for the compilation and calculation of data necessary in the case of subparagraphs (a), (b) and (c) of this paragraph shall be made in accordance with paragraph 14 of this Tariff.

(2) *Servitude endorsements.*—For each servitude endorsement on a set of diagrams a charge of R7 shall be made.

(3) *Prints.*—For providing prints of diagrams suitable for registration a charge of R2,65 per 1 000 square centimetres or part thereof shall be made.

9. General plans

(1) The following charges shall be made for the preparation of a general plan when no charge has been prescribed therefor elsewhere in this Tariff:

For any number of figures up to and including 10: R160.

For every additional figure up to and including 50: R5.

For every additional figure above 50: R3.

(2) For providing additional copies of a general plan suitable for registration purposes a charge equal to that of the printing costs plus 50 per cent shall be made.

10. Servitudes

(1) *Existing visible powerline servitudes (separate diagram).*

(a) The basic charge for the survey of existing visible powerlines erected by the Electricity Supply Commission referred to in section 2 of the Electricity Act, 1958, shall be made in accordance with Table D below: Provided that the provisions contained in provisos (2) and (5) of paragraph 1

7. Onreëlmatige kromlynige grense

(1) Vir die opmeet van die hoogwatermerk van die see is die vordering R15 vir elke 50 meter, of deel daarvan, plus 'n aanvangsvordering van R30 vir elke onderverdeling wat aan die hoogwatermerk raak.

(2) Vir die opmeet van alle ander kromlynige grense is die vordering R10 vir elke 50 meter, of deel daarvan, plus 'n aanvangsvordering van R30 vir elke onderverdeling van die eiendom wat opgemeet word en wat aan die kromlynige grens raak: Met dien verstande dat wanneer dit nodig is om albei walle van 'n rivier op te meet ten einde die middel vas te stel, die vordering R20 vir elke 50 meter, of deel daarvan, is plus 'n aanvangsvordering van R30 vir elke onderverdeling wat aan die kromlynige grens raak.

(3) *Inligting uit vorige opmetings verkry.*—'n Landmeter mag nie 'n tweede keer vir die opmeet van 'n kromlynige grens 'n vordering hef nie indien die inligting uit 'n vorige opmeting verkry, gebruik kan word: Met dien verstande dat daar ooreenkomstig paragraaf 14 van hierdie Tarief 'n vordering gehef word vir alle werk wat nodig mag wees om die landmeter in staat te stel om sodanige inligting te gebruik.

8. Kaarte, endossemente en afdrukke

(1) Die volgende vordering word gehef vir die vervaardiging van 'n kaart wanneer daar nie elders in hierdie Tarief 'n vordering daarvoor voorgeskryf is nie:

(a) *Kaarte sonder koördinate.*—Vir 'n kaart van ses of minder sye: R20.

Vir elke bykomende sy meer as ses: R1,05.

(b) *Kaarte met koördinate.*—Vir 'n kaart van ses of minder sye: R26.

Vir elke bykomende sy meer as ses: R1,40.

(c) *Gekonsolideerde kaarte.*—Op gekonsolideerde kaarte is die vorderings voorgeskryf in subparagrafe (a) en (b) van hierdie paragraaf van toepassing, en 'n bykomende vordering van R7 word gehef vir elke onderdeelklousule van die konsolidasie:

